LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

30-10-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 37 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

** Kwartaalprogram het al die belangrike datums**

1 **SKOOLGELDE VAN 2018:**

Gr. RR & R - R1 030 p.m. vir 11 maande = R11 330

Gr. 1-7:

- 1ste kind - R930 p.m. vir 11 maande = R10 230
- 2de kind - R800 p.m. vir 11 maande = R8 800
- 3de kind - R680 p.m. vir 11 maande = R7 480
- 4de kind - Gratis

EENMALIGE BETALING		**DEBIETORDER (11 maande)**
Voor 31 Desember 2017	Voor 1 Maart 2018	Vanaf 1 Januarie 2018 tot 30 November 2018
5 % 1ste = R9718-50 2de = R8360 3de = R7106	2,5 % 1ste = R9974-25 2de = R8580 3de = R7293	2,5 % (1ste kind = R906-75 p/m)
		2,5 % (2de kind = R780 p/m)
		2,5 % (3de kind = R663 p/m)

a Betaal volle 2018 skoolgeld voor 31 Desember 2017 en kry 5% korting.

b Elektroniese betalings kan ook gedoen word.

ABSA Heidelberg Reknaam: Volkskool Skoolfonds
Reknommer: 500940034 Takkode: 334143
Verwysingsnommer: (**Rekeningnommer op die staat)**

c Betaal volle 2018 skoolgeld voor 1 Maart 2018 en kry 2,5% korting.

d Betaal per debietorder en kry 2,5% afslag en betaal oor 11 maande.

2 **VIR OUERS SE AANDAG:**

- **SKOOLBYWONING:**
  Neem kennis dat daar in al die klasse gewerk word, ook tydens die eksamen. Ouers moet asb. toesien dat leerders by die skool is. Die skool sluit om 13:00 in die eksamen tyd. Dankie dat ons kan staatmaak op u samewerking.
- **KONFRONTASIE:**
  Ouers mag GEEN kind op die skoolterrein konfronteer nie. Die Skolewet verbied dit. Kontak asb. die skool en maak 'n afspraak.
- **SKOLEWET WYSIGING:**
  Ouers word versoek om asb. op die volgende link in te gaan en daarop te reageer:
  https://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/beplande-wet-sal-nie-swak-skole-red-20171029
  U kan ook by Fedsas en Helpende hande gaan lees vir meer inligting.
- **HANDBOEKE**:
  Ouers moet asb. toesien dat leerders hulle handboeke inhandig op die dag wat hulle die betrokke vak skryf in die eksamen.

3 **TROFEë**:
Leerders wat nog wisseltrofeë van 2016 se bekroningsaand by die huis het, moet dit asb so gou as moontlik by Interjuwel ingee én betaal vir gravering.

4 **SENIOR KOORDRAG:**
Senior koorlede se romp en toppie moet asb in 'n gemerkte kleresak ingehandig word die week na ons optrede. Sluitingsdatum van inhandiging van koordrag (ook seuns se das asb.) is Vrydag, 3 November. Koordrag wat ingehandig word sal op 'n lys afgemerk word.

5 **STUDIEMETODE KLAS:**
Word aangebied vir Graad 6 hierdie kwartaal. Daar sal slegs een sessie aangebied word op Woensdag, 1 November om 14:00 - 15:00 in klas 26. Bring saam: eksamenblok, kleurpenne en "highlighters".

6 **KASKARWEDREN**:
Ons hou kaskarwedren-pretdag op Vrydag, 10 November 2017. Leerders moet asb. woeker met die borgvorms, daar is lekker pryse om te wen vir die kind en klas wat die meeste karretjies verkoop. Julle het kans tot voor of op 6 November 2017 . Indien u kind se vorm nie terugkom skool toe nie, sal 'n boete van R100 gevorder word.

7 **JAARBLAD-ADVERTENSIES:**
E-pos asb vir Heléne Botha by die skool u inligting indien u belangstel om te adverteer in die Jaarblad - helenebotha@laervolkskool.co.za.
Bestelvorms word vandag aan leerders gegee. Jaarblaaie kan by registerklasse bestel word teen R170 vir die spogblad met al die foto's van die jaar.

8 **KULTUURAAND 2018:**

- Ons jaarlikse Kultuuraand vind plaas op 16 Februarie 2018 saam met Coenie de Villiers. Daar is **slegs** nog die volgende tafels beskikbaar:
  2 x 14 sitplek tafels en 5 x 12 sitplek tafels.
  Kontak vir Christa de Wet by 0842068902 vir enige navrae.
- **KELNERS**:
  Die Gr 6 leerders moet asb. so gou as moontlik hulle kelner-gelde inbetaal by Mev Chrisna Meyer sodat die klere gereël kan word.

9 **BEKRONINGSFUNKSIES**:

Leerders sal uitnodigings ontvang vir die volgende:

- Maandag, 6 November 2017 om 18:00 vind die Leiers inhuldiging plaas in die skoolsaal.
- Dinsdag, 7 November 2017 om 18:00 vind die Graad 1-3 se bekroning plaas in die skoolsaal.
- Woensdag, 8 November 2017 om 18:00 vind die Graad 4-7 se bekroning plaas in die skoolsaal.
- Dinsdag, 21 November 2017 vind die Graad R en RR se bekroning en konsert plaas. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

10 **RUGBY OEFENING VIR DIE 4DE KWARTAAL 2017 VIR 0/11 en 0/12**:

Seuns sal op 1, 6 en 8 November oefen vanaf 14:00 tot 15:00 op ons velde. Vanaf 13 November oefen die seuns elke Maandag en Woensdag, die tye is dan 13:15 tot 14:15. Op 29 November sal daar proewe plaasvind waar daar 'n oefengroep gekies word wat weer in Januarie aan finale proewe sal deelneem. Verskonings is aanvaarbaar tydens die eksamen

11 **KLUB1903**:

Daar is Vrydagaand, 3 November 'n braai by KLUB1903 vanaf 17:30. Daar sal vure wees, bring asb. u eie vleis, drinkgoed en piekniekmandjie.

12 **SWEM**:

Baie sterkte aan die swemspan wat Woensdag, 1 November 2017 om 18:00 deelneem aan die Interlaer by Boksburg Noord.

13 **REDENAARS**:

Die temas vir 2018 se redenaars is as volg:

GRAAD 1-3	***GRAAD 4-5***	***GRAAD 6-7***
goud druppeltjies miere (2-4 minute)	smaak vingers drup (3-5 minute)	uurglas hoop teken (4-6 minute)

Dié wat solank aan hulle toesprake wil begin voorberei vir volgende jaar is meer as welkom. Skoolredenaars sal vroeg in Februarie 2018 wees.

14 **ATLETIEK OEFENING VIR 2018**:

Die oefening begin op 30 Oktober slegs vir al die Graad 3 leerders, wat belangstel. Die res van die leerders, Gr 4-6, begin dan op 13 November 2017 tot soos aangedui hieronder.

Langafstande Afrigter - Tannie Elmien	Maandae tot Donderdae 14:30 - 15:30 Oefening is tot 22 Desember	Op Laer Volkskool se velde
Hoogspring Afrigter - Oom Henning	Maandae en Dinsdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 6 Desember	Oefen by Hoër Volkskool
Verspring/Hekkies Afrigter - Mnr Louwtjie	Maandae tot Donderdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 20 Desember	Oefen by Hoër Volkskool
Gewigstoot Afrigter - Oom Slappies	Woensdae en Donderdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 16 Desember	Oefen by Laer Volkskool

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF